Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

LEEUSPRUIT

Musiek: Jannie du Toit
Teks: Jannie du Toit

Ek vat die snelweg uit die stad uit
Draai met die grondpad af na Leeuspruit
Ek wil weer sien hoe daardie grond lyk
Ek het vergeet hoe kraalmis ruik
Op mielieblare spring
Wat jeuk en trane bring
Wanneer ek saans teensinnig moet gaan bad

Ek is so lief vir die ou stad
Maar dis weer tyd dat ek ‘n breek vat
Hoor hoe die beeste terugkom kraal toe
Want hierdie wêreld praat my taal - oe
Ek wil my nerwe afval
Kleilat speel by die damwal
Met ‘n duisend knapsekêrels wat my mal maak

Dit pla my baie min wat jy dink
Ek wil weer boorgatwater drink
Ek soek my tannie en haar tuisgemaakte brood
En die verlange word nou groot
Om in ‘n bloekomboom
Se skaduwee te droom
Of in sy takke rond te klouter tot dit donker word

Van toe tot nou
Het baie water in die see geloop
Van toe tot nou
Is al wat vas staan glo en hoop
Nou’s ek terug op pad na daardie plek
Ek sien weer Leeuspruit se motorhek
Ek hoor die honde wat my motor jaag en blaf
En my hart slaan op ‘n draf –
Dalk is ek af!

Maar ek soek die stilte van ‘n voorhuis
Ek soek ‘n vreedsame kombuis
Ek verlang so na ‘n knipoog-boeregrap
Ek mis my roereiers en pap
‘n Oom wat boekevat
wat rustig bid
en wat die dag sal afsluit
met die Aandgesang
En ‘n psalm van Dawid